Remgro Beperk

Registrasienommer 1968/006415/06
ISIN ZAE000026480 Aandelekode REM

TUSSENVERSLAG

VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG

30 SEPTEMBER 2004

- **Toename in wesensverdienste per aandeel: +3.0%**
- **Toename in intrinsieke waarde per aandeel gedurende die ses maande: +6.5%**
- **Toename in tussendividend per aandeel: +14.9%**

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT

	Ongeouditeer 30 September 2004 R'm	2003 R'm	Geouditeer 31 Maart 2004 R'm
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	**3 529**	3 287	3 408
Biologiese landboubates	**85**	83	85
Beleggingseiendomme	**22**	22	22
Klandisiewaarde en handelsmerke	**3 246**	3 323	3 246
Beleggings – Geassosieerde maatskappye	**22 107**	18 558	19 545
– Ander	**1 884**	2 061	1 861
Lenings	**50**	49	49
Uitgestelde belasting	**108**	76	105
	31 031	27 459	28 321
Bedryfsbates	**4 987**	4 655	5 208
Kontant en kontantekwivalente	**2 469**	1 300	3 446
Ander bedryfsbates	**2 518**	3 355	1 762
Totale bates	**36 018**	32 114	33 529
EKWITEIT EN LASTE			
Kapitaal en reserwes			
Belang van eie lede	**31 791**	28 427	29 766
Minderheidsbelang	**1 848**	1 516	1 700
Totale aandeelhouersekwiteit	**33 639**	29 943	31 466
Nie-bedryfslaste	**702**	695	713
Aftreevoordele	**128**	108	119
Langtermyn rentedraende lenings	**177**	186	172
Uitgestelde belasting	**397**	401	422
Bedryfslaste	**1 677**	1 476	1 350
Korttermyn rentedraende lenings	**139**	86	105
Ander bedryfslaste	**1 538**	1 390	1 245
Totale ekwiteit en laste	**36 018**	32 114	33 529
Netto batewaarde per aandeel (Rand)			
(toeskryfbaar aan eie lede)			
– Teen boekwaarde	**R64.06**	R56.72	R59.38
– Teen intrinsieke waarde	**R107.77**	R81.57	R101.23

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

	Ongeouditeer Ses maande geëindig 30 September 2004 R'm	2003 R'm	Geouditeer Jaar geëindig 31 Maart 2004 R'm
Kontant uit bedrywighede voortgebring	**458**	506	1 678
Belasting betaal	**(336)**	(297)	(363)
Dividende ontvang *	**1 412**	147	1 718
Kontant beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite	**1 534**	356	3 033
Dividende betaal	**(2 023)**	(873)	(1 438)
Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	**(489)**	(517)	1 595
Beleggingsaktiwiteite	**(556)**	(528)	(528)
Finansieringsaktiwiteite	**14**	32	62
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente	**(1 031)**	(1 013)	1 129
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk	**3 393**	2 264	2 264
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk	**2 362**	1 251	3 393
Kontant en kontantekwivalente – per balansstaat	**2 469**	1 300	3 446
Oortrokke bankrekening	**(107)**	(49)	(53)

** Die dividend vanaf R&R Holdings ten bedrae van R1 087 miljoen (2003: R1 014 miljoen) is in September 2004 (2003: Oktober 2003) ontvang.*

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

	Ongeouditeer Ses maande geëindig 30 September 2004 R'm	2003 R'm	Geouditeer Jaar geëindig 31 Maart 2004 R'm
Omset *(Aantekening 5)*	**6 511**	6 330	11 902
Gekonsolideerde wins voor inagname van die onderstaande	**834**	720	1 621
Waardevermindering	**(129)**	(118)	(240)
Finansieringskoste	**(23)**	(22)	(39)
Waardedaling en amortisasie van klandisiewaarde	**(2)**	(92)	(186)
Netto waardedaling van beleggings en bates	**8**	1	4
Uitsonderlike items	**–**	(1)	50
Gekonsolideerde wins voor belasting	**688**	488	1 210
Belasting	**(188)**	(177)	(415)
Gekonsolideerde wins na belasting	**500**	311	795
Belang in na-belaste wins van geassosieerde maatskappye	**3 301**	1 623	3 177
– Wins uit bedrywighede	**2 180**	2 185	4 164
– Waardedaling en amortisasie van klandisiewaarde	**(201)**	(155)	(383)
– Uitsonderlike items *(Aantekening 3)*	**1 322**	(407)	(604)
Groepwins na belasting	**3 801**	1 934	3 972
Minderheidsbelang	**(179)**	(150)	(335)
Netto wins	**3 622**	1 784	3 637
Wesensverdienste rekonsiliasie:			
Basiese verdienste – Netto wins	**3 622**	1 784	3 637
Plus/(minus) – gedeelte toeskryfbaar aan eie lede:			
– Waardedaling en amortisasie van klandisiewaarde	**202**	247	568
– Waardedaling van beleggings en bates	**(8)**	(1)	(1)
– Uitsonderlike items	**(1 339)**	384	523
– Netto verlies/(oorskot), na belasting, met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(15)**	1	(8)
Wesensverdienste	**2 462**	2 415	4 719
*Segmentontleding – Wesensverdienste **			
Tabakbelange	**1 040**	1 169	2 100
Finansiële dienste	**788**	676	1 394
Nywerheidsbelange	**538**	438	1 027
Mynbelange	**81**	122	172
Korporatiewe finansies en ander belange	**15**	10	26
	2 462	2 415	4 719

** Verwys na die gedeelte "Ander aansuiwerings – Hersamestelling van segmentontleding"*

VERDIENSTE EN DIVIDENDE PER AANDEEL

	30 September 2004 Sent	2003 Sent	31 Maart 2004 Sent
Wesensverdienste	**492.0**	477.8	937.6
– Verwater	**490.6**	476.9	935.6
Basiese verdienste	**723.9**	353.0	722.7
– Verwater	**721.8**	352.3	721.1
Dividende			
Gewoon	**116.00**	101.00	285.00
– Tussen	**116.00**	101.00	101.00
– Finaal			184.00
Spesiaal			200.00

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

	Ongeouditeer Ses maande geëindig 30 September 2004 R'm	2003 R'm	Geouditeer Jaar geëindig 31 Maart 2004 R'm
Saldo op 1 April	**29 766**	27 809	27 809
Aansuiwerings ten opsigte van vorige jare	**–**	(366)	(366)
Aangesuiwerde saldo op 1 April	**29 766**	27 443	27 443
Netto kumulatiewe beginsaldo aanpassing (RE 133)	**–**	36	36
Netto billike waarde aanpassings vir die tydperk (RE 133)	**10**	1 375	1 204
Netto wins	**3 622**	1 784	3 637
Dividende betaal	**(1 934)**	(810)	(1 316)
Wisselkoersaanpassings	**90**	(718)	(694)
Verandering van belange in filiaalmaatskappye, geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings	**(10)**	(9)	(10)
Verandering in reserwes van geassosieerde maatskappye en ander reserwes	**638**	(367)	(236)
Aandele deur volfiliaal teruggekoop (tesourie-aandele)	**(415)**	(295)	(295)
Netto aandele deur Die Remgro Aandeletrust gekoop	**18**	(25)	(17)
Langtermyn aandele-aansporing-skemareserwe	**6**	13	14
Belang van eie lede	**31 791**	28 427	29 766

ADDISIONELE INLIGTING

	30 September 2004	2003	31 Maart 2004
Aantal aandele uitgereik			
– Gewone aandele van 1 sent elk	**486 493 650**	486 493 650	486 493 650
– Ongenoteerde B-gewone aandele van 10 sent elk	**35 506 352**	35 506 352	35 506 352
Totale aantal aandele uitgereik	**522 000 002**	522 000 002	522 000 002
Gewone aandele teruggekoop en in tesourie gehou	**(21 772 456)**	(16 442 602)	(16 442 602)
Gewone aandele deur Die Remgro Aandeletrust gehou en as tesourie-aandele verantwoord	**(3 978 774)**	(4 348 000)	(4 236 087)
	496 248 772	501 209 400	501 321 313
Geweegde aantal aandele	**500 377 065**	505 406 357	503 280 054

In die bepaling van die wesens- en basiese verdienste per aandeel is die geweegde aantal aandele in berekening gebring.

	30 September 2004 R'm	2003 R'm	31 Maart 2004 R'm
Genoteerde beleggings			
Geassosieerd			
– Boekwaarde	**8 680**	7 783	8 104
– Markwaarde	**17 795**	11 057	14 413
Ander			
– Boekwaarde	**1 808**	1 995	1 795
– Markwaarde	**1 808**	1 995	1 795
Ongenoteerde beleggings			
Geassosieerd			
– Boekwaarde	**13 427**	10 775	11 441
– Direkteurswaardasies	**27 605**	22 380	27 903
Ander			
– Boekwaarde	**76**	66	66
– Direkteurswaardasies	**76**	66	66

ADDISIONELE INLIGTING (VERVOLG)

	30 September 2004 R'm	2003 R'm	31 Maart 2004 R'm
Toevoegings tot en vervanging van eiendom, aanleg en toerusting	**229**	257	470
Kapitaalverpligtinge (Ingesluit bedrae gemagtig, maar nog nie gekontrakteer nie)	**603**	454	490
Dividende ontvang			
Dividende ingesluit by gekonsolideerde wins	**59**	9	28
Dividende vanaf geassosieerde maatskappye teen beleggings verreken	**1 393**	1 627	2 156
Rente ontvang			
Vanaf ongenoteerde beleggings en deposito's (Ingesluit by gekonsolideerde wins)	**157**	194	334
Uitsonderlike items			
Uitsonderlike items van filiaalmaatskappye:			
Netto kapitaalsurplus met verkoop van beleggings en besighede	**–**	–	50
Ander	**–**	(1)	–
Totaal voor belasting – per inkomstestaat	**–**	(1)	50
Belasting	**–**	(2)	(3)
Totaal na belasting	**–**	(3)	47
Belang in uitsonderlike items van geassosieerde maatskappye	**1 322**	(407)	(604)
Groottotaal – Toeskryfbaar aan eie lede *(Aantekening 3)*	**1 322**	(410)	(557)

AANTEKENINGE

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die tussenverslag word volgens die historiese kostegrondslag, ooreenkomstig Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk, die vereistes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet 1973 soos gewysig en die Noteringsvereistes van die JSE Sekuriteitebeurs Suid-Afrika (JSE) opgestel en inkorporeer rekeningkundige beleid wat, met die uitsondering van die implementering van die Suid-Afrikaanse Standpunt van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk, RE 140 (IFRS 3): Besigheid-samevoegings, in ooreenstemming is met dié van die vorige finansiële tydperke.

Aandag word daarop gevestig dat die rekeningkundige beleid van geassosieerde maatskappye nie in alle gevalle in ooreenstemming is met dié van die maatskappy nie. Dit is as gevolg van verskillende rekeningkundige standaarde wat in ander lande gebruik word, soos bv. in die Verenigde Koninkryk (met betrekking tot British American Tobacco Plc) en jaareindes van plaaslike maatskappye wat verskil en latere inwerkingtreding van nuwe rekeningkundige standaarde veroorsaak. Geen aansuiwerings word vir sulke verskille in rekeningkundige beleid gemaak waar dit nie prakties uitvoerbaar is nie.

2. VORIGE JAAR AANSUIWERINGS

Verandering in rekeningkundige beleid

RE 140 (IFRS 3)

Met ingang van 1 April 2004 het Remgro RE 140: Besigheidsamevoegings geïmplementeer. Ingevolge die bepalings van hierdie rekeningkundige standpunt, sal klandisiewaarde wat spruit uit 'n besigheidsamevoeging

waarvan die ooreenkomsdatum op of na 31 Maart 2004 is, nie geamortiseer word nie, maar teen kosprys min opgehoopte waardedalingsverliese gedra word.

Vanaf 1 April 2004 word alle klandisiewaarde wat op dié datum reeds bestaan het, ook ingevolge RE 140 verantwoord.

Aangesien die vergelykende syfers volgens die oorgangsbepalings van RE 140 nie hersaamgestel word nie, is sekere items nie op 'n lyn-vir-lyn-grondslag vergelykbaar met dié van vorige tydperke nie.

Ander aansuiwerings

Hersamestelling van vergelykende syfers met betrekking tot uitgestelde belasting

Soos voorheen gerapporteer, het Rainbow Chicken Beperk (Rainbow) sy resultate vir die jaar geëindig 31 Maart 2003 hersaamgestel, ten einde te voldoen aan die rekeningkundige standpunt met betrekking tot uitgestelde belasting. Rainbow se resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2003 is dienooreenkomstig hersaamgestel. Dit het geen uitwerking op Remgro se resultate vir die vergelykende tydperk gehad nie. Die vergelykende balansstaat soos op 30 September 2003 is hersaamgestel soos hieronder uiteengesit.

Hersamestelling van vergelykende syfers met betrekking tot landbou aktiwiteite

Transvaal Suiker Beperk het sy vergelykende syfers vir die ses maande geëindig 30 September 2003 hersaamgestel, ten einde te voldoen aan die rekeningkundige standpunt met betrekking tot landbou aktiwiteite. Dit het geen uitwerking op Remgro se resultate vir die vergelykende tydperk gehad nie. Die vergelykende balansstaat soos op 30 September 2003 is hersaamgestel soos hieronder uiteengesit.

Konsolidasie van Die Remgro Aandeletrust (die "trust")

Ingevolge die reëls van die JSE het Remgro op 31 Maart 2004 die trust gekonsolideer. Die vergelykende syfers vir die ses maande geëindig 30 September 2003 is dienooreenkomstig aangepas en die 3 978 774 (30 September 2003: 4 348 000) gewone aandele wat in die trust namens deelnemers gehou word, word as tesourie-aandele verantwoord en ook van die uitgereikte aantal aandele afgetrek by die bepaling van die geweegde gemiddelde aantal aandele. Die kosprys van die aandele word teen ekwiteit verreken.

Hersamestelling van vergelykende syfers as gevolg van bogenoemde vorige jaar aansuiwerings:

	Ses maande geëindig 30 September 2003 R'm
Inkomstestaat	
Wesensverdienste soos voorheen gerapporteer	2 422
Konsolidasie van Die Remgro Aandeletrust	(7)
Hersaamgestelde wesensverdienste	2 415
Geweegde aantal uitgereikte aandele soos voorheen gerapporteer	509 542 743
Hersaamgestelde geweegde aantal uitgereikte aandele	505 406 357
Wesensverdienste per aandeel soos voorheen gerapporteer (sent)	475.3
Hersaamgestelde wesensverdienste per aandeel (sent)	477.8

	30 September 2003 R'm
Balansstaat	
Toename in reserwes	53
Toename in tesourie-aandele	302
Afname in minderheidsbelang	(45)
Afname in lenings	(177)
Toename in uitgestelde belastingbates	4
Toename in bedryfsbates	4
Toename in uitgestelde belastingverpligting	121
Toename in bedryfslaste	4

Hersamestelling van segmentontleding

Remgro het sy segmentontleding gewysig. Distell Groep Beperk (Distell) en Medi-Clinic Korporasie Beperk (Medi-Clinic) word sedert 1 April 2004 as "Nywerheidsbelange" geklassifiseer, terwyl hulle voorheen onderskeidelik onder "Handelsmerkbelange" en "Korporatiewe finansies en ander belange" verantwoord was. Sedert dié datum word Caxton and CTP Publishers and Printers Beperk, wat voorheen onder "Korporatiewe finansies en ander belange" verantwoord was, ook by "Nywerheidsbelange" ingereken.

Die enigste oorblywende belang onder "Handelsmerkbelange" na die hersamestelling, is R&R Holdings SA, Luxembourg (R&R), wat Remgro se tabakbelange verteenwoordig. Die beskrywing "Handelsmerkbelange" is derhalwe verander na "Tabakbelange". Die vergelykende syfers is dienooreenkomstig hersaamgestel.

3. RESULTATE

– Wesensverdienste

Totale wesensverdienste het met 1.9% van R2 415 miljoen tot R2 462 miljoen toegeneem. Wesensverdienste per aandeel het egter met 3.0% tot 492.0 sent toegeneem vanweë die gunstige uitwerking van die aandele-terugkoopprogram.

Die bydrae van die tabakbelange, wat vir die tydperk onder oorsig 42.2% (2003: 48.4%) van totale wesensverdienste verteenwoordig het, het met 11.0% afgeneem hoofsaaklik as gevolg van die nie-herhalende netto koopopsie-premie wat tydens die vergelykende tydperk verantwoord is.

BAT se toeskryfbare inkomste, voor klandisiewaarde amortisasie en uitsonderlike items, het met 2.4% in sterling toegeneem voordat 'n aanpassing gemaak is vir die beweging in huidige waarde van die BAT-voorkeuraandele en dividende. Die koopopsies wat R&R in Januarie 2003 oor die BAT-voorkeuraandele uitgereik het, is in Mei vanjaar deur die opsiehouers uitgeoefen met die gevolg dat die voorkeuraandele in gewone BAT-aandele omskep is. Gevolglik het R&R se belang in die gewone aandelekapitaal van BAT dienooreenkomstig verminder en die geweegde persentasie belang wat deur R&R volgens die ekwiteitsmetode verantwoord is het vanaf 28.8% tot 28.5% verminder nieteenstaande BAT se aandeleterugkoopprogram.

Weens 'n sterker, maar meer stabiele rand het die ongunstige wisselkoersuitwerking met die omskakeling van R&R se bydrae tot wesensverdienste, verminder vanaf R338 miljoen in 2003 tot R42 miljoen vir die tydperk onder oorsig soos uiteengesit in die onderstaande tabel.

Ses maande tot September	**2004**	2003
Gemiddelde wisselkoers (£/R)	**11.7460**	12.2233
Sluitingswisselkoers (£/R)	**11.7170**	11.5413
R&R se bydrae (£'m)	**89**	96
R&R se bydrae (R'm)	**1 040**	1 169
Ongunstige wisselkoersuitwerking vir die tydperk (R'm)	**(42)**	(338)

FirstRand en RABB se gesamentlike bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R556.8 miljoen bedra (2003: R478.4 miljoen), terwyl Absa Groep Beperk ook sy stewige verdienstegroei voortgesit het. Laasgenoemde se bydrae tot wesensverdienste was R231.3 miljoen (2003: R199.2 miljoen).

Die bydrae van nywerheidsbelange het met 22.8% toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van goeie vertonings deur Rainbow, Distell en Total South Africa. Dit is egter teengewerk deur laer resultate vanaf Transvaal Suiker en Unilever Bestfoods Robertsons wat onderskeidelik slegs R12.4 miljoen (2003: R46.7 miljoen) en R69.8 miljoen (2003: R93.7 miljoen) tot wesensverdienste bygedra het. Medi-Clinic het weereens goeie resultate gerapporteer en sy bydrae tot wesensverdienste het met 11.9% tot R125.2 miljoen (2003: R111.9 miljoen) gestyg.

Mynbelange se totale bydrae het met 33.8% tot R80.8 miljoen afgeneem. Dit was die gevolg van die laer winste van Trans Hex sowel as die feit dat Remgro se belang in Impala, wat gedurende Junie 2003 deur Gencor Beperk (Gencor) ontbondel is, nie gedurende die tydperk onder oorsig volgens die ekwiteitsmetode verantwoord is nie terwyl Gencor en gevolglik ook Impala tot Junie 2003 wel geëkwiteer is. Dividende vanaf laasgenoemde ten bedrae van R53.4 miljoen is gedurende die tydperk onder oorsig in inkomste ingesluit (2003: RNul).

Ontleding van vergelykbare wesensverdienste (sent per aandeel)

– Uitgesluit bydrae deur R&R

Ses maande tot September	**2004**	2003
Wesensverdienste soos gerapporteer	**492.0**	477.8
Uitskakel van R&R se bydrae	**(207.8)**	(231.2)
Vergelykbare wesensverdienste na uitskakeling van bogenoemde (+15.2%)	**284.2**	246.6

– Basiese verdienste

Basiese verdienste per aandeel, na uitsonderlike items en amortisasie van klandisiewaarde, het met 105.1% toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van Remgro se deel van die gunstige uitsonderlike items van geassosieerde maatskappye. Laasgenoemde verteenwoordig hoofsaaklik die wins wat BAT gerealiseer het met die samevoeging van Brown & Williamson se VSA-besighede met R.J. Reynolds onder 'n nuwe houermaatskappy, naamlik Reynolds American Inc., sowel as met die verkoop van Lane Limited aan Reynolds American.

4. Intrinsieke waarde

Remgro se intrinsieke waarde per aandeel het met 6.5% vanaf R101.23 op 31 Maart 2004 tot R107.77 op 30 September 2004, toegeneem. Verwys na Bylaag A vir volle besonderhede.

5. Omset

– van die maatskappy en sy filiale

	30 September		31 Maart
	2004	2003	2004
	R'm	R'm	R'm
Omset, uitgesluit dividende en rente	**4 902**	4 500	9 384
Dividende en rente	**1 609**	1 830	2 518
Totale omset	**6 511**	6 330	11 902

Weens die aard en samestelling van die groep is segmentontleding ten opsigte van omset nie sinvol nie.

6. British American Tobacco Plc (BAT)

Remgro se belang in BAT word verteenwoordig deur 'n een-derde aandeelhouding in R&R Holdings SA, Luxembourg (R&R). Die ander twee-derdes word deur Compagnie Financière Richemont SA (Richemont) gehou.

Die resultate vir die tydperk weerspieël R&R se belang van 29.6% in BAT se resultate tot en met die omskakeling van laasgenoemde se voorkeuraandele in gewone aandele aan die begin van Junie 2004, op welke datum sy belang tot 27.9% verwater het. Die aandele wat BAT daarna teruggekoop het, het veroorsaak dat R&R se aandeelhouding aan die einde van die tydperk tot 28.1% toegeneem het. Dit vergelyk met R&R se belang van 28.8% in BAT se resultate tot 30 September 2003.

Soos in die jaarverslag van 2003 vermeld, is die BAT-voorkeuraandele vanaf Januarie 2003 as skuldinstrumente behandel en nie langer geëkwiteer nie. Dit het ook tot gevolg gehad dat hierdie skuldinstrumente teen billike waarde herwaardeer is. Die beweging in die huidige waarde van die voorkeuraandele is dienooreenkomstig erken en verantwoord. Die uitgestelde netto koopopsie-premie is by die geëkwiteerde inkomste vir die ses maande tot 30 September 2003 ingesluit.

R&R se belang in BAT se verdienste vir die ses maande tot 30 September 2004 is gebaseer op die resultate vir die negemaande-tydperk tot 30 September 2004 min die resultate vir die kwartaal tot 31 Maart 2004.

R&R se bydrae tot Remgro se wesensverdienste is soos volg saamgestel:

	Ses maande tot September 2004 £'m	2003 £'m
Toeskryfbare inkomste van BAT voor klandisiewaarde en uitsonderlike items	**848**	828
Beweging in huidige waarde van BAT-voorkeuraandele en dividende	**(8)**	(20)
Aangesuiwerde toeskryfbare inkomste van BAT vir die ses maande geëindig 30 September	**840**	808
R&R se deel van die aangesuiwerde toeskryfbare inkomste van BAT:		
– 29.6% vir 1 April 2004 tot 31 Mei 2004	**76**	–
– 28.1% vir 1 Junie 2004 tot 30 September 2004	**164**	–
– 28.8% vir 1 April 2003 tot 30 September 2003	**–**	233
Beweging in huidige waarde van BAT-voorkeuraandele en dividende	**8**	20
R&R se ander inkomste	**18**	4
	266	257
Netto koopopsie-premie	**–**	30
R&R se aangesuiwerde wesensverdienste vir die ses maande tot 30 September	**266**	287
Remgro se 33.33%-belang daarin	**89**	96
	R'm	R'm
Omgereken teen 'n gemiddelde £/R-koers van 11.7460 (2003: 12.2233)	**1 040**	1 169

BAT se finansiële jaar eindig op 31 Desember. Die inligting wat hierop volg is gebaseer op die jongste gepubliseerde BAT-resultate vir die nege maande tot 30 September 2004.

Bedryfswins vir die nege maande, voordat die amortisasie van klandisiewaarde en uitsonderlike items in berekening gebring is, was op £2 138 miljoen 1% hoër en is negatief beïnvloed deur die uitwerking van wisselkoerse. Teen konstante wisselkoerse sou die bedryfswins met 7% gestyg het, veral danksy die verkryging van Ente Tabacchi Italiani S.p.A. en die goeie vertoning in alle streke, met die uitsondering van die Amerika-Stille Oseaangebied.

BAT se verkoopvolumes het met 6% tot 618 miljard toegeneem en is grootliks beïnvloed deur verkrygings en die impak van die Reynolds American-transaksie wat op 30 Julie 2004 geïmplementeer is. Die vier internasionale handelsmerke, Kent, Dunhill, Lucky Strike en Pall Mall, het in die derde kwartaal beter gevaar met 'n groei van 3% en toon 'n geringe styging oor nege maande nadat die groei in die eerste ses maande laer was as in die vergelykende tydperk.

Daar was goeie vertonings in alle BAT-streke, met uitsondering van die Amerika-Stille Oseaangebied. Laasgenoemde streek se wins van £600 miljoen was £125 miljoen laer as in dieselfde periode die vorige jaar, met dalings in Japan en Kanada, wat vererger is deur die omskakeling van die Amerikaanse en Kanadese resultate na sterling. Volumes in die streek was 13% hoër op 87 miljard, hoofsaaklik danksy die stigting van Reynolds American, en beter verkope in Suid-Korea. In Kanada en Japan het volumes gedaal.

In die Asië-Stille Oseaangebied het die streekwins met £37 miljoen tot £395 miljoen gestyg. Australië, Pakistan, Maleisië en Indië, asook doeanevryverkope, het goed gevaar. Volumes in die streek was op 151 miljard 5% hoër as die vorige jaar. Toenames het in Indië, Viëtnam, Pakistan en Bangladesj voorgekom, maar is gedeeltelik geneutraliseer deur dalings in Indonesië en Maleisië.

In Latyns-Amerika het die wins met £20 miljoen tot £311 miljoen gedaal weens 'n verswakking van wisselkoerse teenoor sterling wat gunstige resultate in die plaaslike geldeenheid beïnvloed het. Streekvolumes was effens laer op 109 miljard aangesien stygings in Venezuela en Sentraal-Amerika, en die invloed van die verkryging in Peru, geneutraliseer is deur dalings in Brasilië, Mexiko en Argentinië.

In Europa het die wins met £120 miljoen tot £564 miljoen toegeneem hoofsaaklik as gevolg van die verkryging van Ente Tabacchi Italiani S.p.A. Die kostebesparingsvoordele van die sluiting van fabrieke in die Verenigde Koninkryk en Benelux, asook die goeie resultate in verskeie markte, is grootliks geneutraliseer deur markte waar aksynsverhogings tot laer volumes gelei het. Totale volumes het met 8% tot 197 miljard toegeneem danksy volumegroei by nuutverkreë besighede en voortgesette uitbreiding in Rusland. Dit is deels geneutraliseer deur markverwante dalings in Duitsland, Frankryk, Hongarye en Nederland.

Wins in die Afrika- en Midde-Oostestreek het met £15 miljoen tot £268 miljoen toegeneem, met goeie bydraes deur Suid-Afrika en Nigerië. Dit is deels geneutraliseer deur voortgesette beleggings in nuwe markte en probleme wat in Zimbabwe ondervind word. Volumes het met 5% tot 74 miljard gestyg. Goeie groei is in Nigerië en Turkye behaal, maar dit is deels deur dalings in Suid-Afrika en Zimbabwe geneutraliseer.

In die nege maande tot September 2004 het BAT se aangepaste verwaterde verdienste per aandeel, wat die uitwerking van uitsonderlike items en amortisasie van klandisiewaarde uitsluit, met 7% tot 54.97 pennies toegeneem danksy die uitwerking van die aandeleterugkoopprogram en 'n laer effektiewe belastingkoers.

BAT het op 30 Julie 2004 die ooreenkoms afgehandel wat 27 Oktober 2003 aangekondig is ingevolge waarvan die Amerikaanse besighede van Brown & Williams met R.J. Reynolds (RJR) saamgevoeg is om 'n nuwe houermaatskappy, Reynolds American Inc., te vorm waarin RJR-aandeelhouers 'n belang van 58% en BAT 'n belang van 42% het. BAT het Lane Limited, sy VSA-gevestigde pyp- en rooktabakbesigheid, ook aan Reynolds American vir $400 miljoen kontant verkoop.

7. ONGENOTEERDE BELEGGINGS

Transvaal Suiker Beperk (TSB)

TSB se resultate vir die ses maande tot 30 September 2004 is nadelig beïnvloed deur die laer suikerproduksie weens droogte en die negatiewe uitwerking van die sterker rand op uitvoerpryse.

As gevolg van klimaatstoestande word verwag dat produksie in die suikerbedryf tot 2.2 miljoen ton sal afneem (2.5 miljoen ton in 'n normale seisoen). Die laer oes, saam met die sterk rand, het steeds 'n besondere negatiewe uitwerking op die finansiële posisie van die boere en die meulenaarsbedryf.

Uitstekende vrugte-grootte en die hoë persentasie onbesmette vrugte wat op die sitruslandgoedere geproduseer is, het tot rekorduitvoere gelei en 36 887 ton sitrusvrugte is uitgevoer.

TSB het op 1 April 2004 sy sitrusbesigheid aan 'n nuutgestigte maatskappy, Golden Frontiers Citrus (Edms) Beperk (GFC), verkoop, en daarna 'n belang van 49% in GFC aan die Nywerheid-Ontwikkelings-korporasie verkoop. Laasgenoemde sal die aandele in bewaring hou vir die begunstigdes van swart ekonomiese bemagtiging (SEB).

Total South Africa (Eiendoms) Beperk (TSA)

TSA se resultate was wesentlik beter as dié van die ses maande tot Junie 2003. Die industrie het met ongeveer 2% gegroei, TSA het sy markaandeel verder vergroot, raffineringsmarges was beter en herwaardasiewinste op voorraad op hande is gerealiseer soos brandstof pryse verhoog het as gevolg van hoër dollar ru-olie pryse. In die vergelykende tydperk is winste nadelig beïnvloed deur wesentlike voorraadverliese soos brandstofpryse verlaag het as gevolg van die versterking van die rand oor daardie tydperk.

Tosaco, die SEB-vennoot, wat 'n 25% belang hou, speel 'n belangrike bydraende rol in die TSA-besigheid en die SEB-transaksie is as hoogs suksesvol bewys.

Wispeco Holdings Beperk (Wispeco)

Wispeco se resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2004 was bevredigend. Die omset was 30% hoër as in die ooreenstemmende tydperk verlede jaar en het grootliks bygedra tot die styging in wesensverdienste van R18.3 miljoen tot R26.4 miljoen.

Die opgegradeerde sesde pers, sowel as die derde poeierlaagaanleg, is in Oktober 2004, betyds vir die seisoenshoogtepunt, in bedryf gestel. Die Greenfields-bouprojek in Kaapstad, wat die sewende pers sal huisves wat onlangs aangekoop is, verloop volgens plan. Hierdie pers sal in die eerste helfte van die nuwe jaar in bedryf gestel word.

Unilever Bestfoods Robertsons (UBR)

UBR se bydrae tot Remgro se wesensverdienste is soos volg saamgestel:

	30 September	
	2004	2003
	R'm	R'm
Wesensverdienste voor uitsonderlike items	**66.2**	77.8
Uitsonderlike items	**(13.2)**	(12.1)
Rente verdien op aandeelhouerslening (na belasting)	**16.8**	28.0
Bydrae tot wesensverdienste	**69.8**	93.7

UBR het laer resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2004 behaal as in die vergelykende tydperk. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n laer bydrae deur Israel, waar die algemene ekonomiese klimaat swak gebly het gedurende die tydperk onder oorsig, sowel as beduidende herstruktureringskoste aangegaan. Soos hierbo getoon is 'n groot gedeelte van dié uitgawes by wesensverdienste ingesluit. Verskeie handelsmerke, bv. Lipton en Knorr, het goeie groei gedurende die tydperk getoon, terwyl in strategiese kategorieë soos ontbytgraan markaandeel behou is ondanks sterk kompetisie.

In Suid-Afrika was daar in die kleinhandel volumegroei in alle belangrike produkkategorieë behaal. Dit het egter nie tot verbeterde vlakke van netto verkope aanleiding gegee nie weens verhoogde vlakke van diskonto's as gevolg van dalende inflasie, asook die strategiese voorneme om spoedig prysgelykheid met mededingers te herstel. Dit was veral opmerklik in die broodsmeerafdeling, waar 'n volgehoue stryd gevoer word om markaandeel te herwin en te handhaaf.

Rente verdien op die aandeelhouerslening was ook aansienlik laer hoofsaaklik weens groot kapitaalterugbetalings.

Air Products South Africa (Eiendoms) Beperk (Air Products)

Verkope het met 4.5% gedaal teenoor die vergelykende tydperk weens 'n afname in die vraag na grootmaat gasprodukte as gevolg van grootskaalse beplande onderhoud aan aanlegte en 'n kleiner vraag na suurstof vanweë die infasering van aardgas in die nywerheid.

As gevolg van laer verkope en grootskaalse instandhouding was die netto inkomste 15.1% laer as in die ses maande tot September 2003.

AANTEKENINGE (VERVOLG)

8. ANDER BELEGGINGS

Die belangrikste veranderinge sedert 1 April 2004 was soos volg:

Terugkoop van Remgro-aandele

Gedurende die tydperk onder oorsig het 'n volfiliaalmaatskappy van Remgro, 'n verdere 5 329 854 gewone Remgro-aandele (1.1% van die gewone aandele) teen 'n gemiddelde prys van R77.89 vir 'n totale bedrag van R415.1 miljoen aangekoop. Tesame met die aandele wat in vorige finansiële jare aangekoop is, word 'n totaal van 21 772 456 (4.5%) as tesourie-aandele gehou.

Gedurende die tydperk onder oorsig het Die Remgro Aandeletrust 8 000 (2003: 398 000) gewone Remgro-aandele teen 'n gemiddelde prys van R82.65 (2003: R63.66) vir 'n totale bedrag van R0.6 miljoen (2003: R25.3 miljoen) aangekoop. In die tydperk onder oorsig is 265 313 aandele aan deelnemers gelewer, teen betaling daarvan.

Sedert 30 September 2004:

Henkel South Africa (Eiendoms) Beperk (Henkel)

In Oktober 2004 het Remgro sy 50%-belang in Henkel vir R80 miljoen verkoop. Die kapitaalsurplus sal as 'n uitsonderlike item verantwoord word.

DIVIDENDE

Hiermee word kennis gegee dat 'n tussendividend van 116 sent (2003: 101 sent) per aandeel verklaar is ten opsigte van beide die gewone aandele van een sent elk en die ongenoteerde B-gewone aandele van tien sent elk, vir die halfjaar wat op 30 September 2004 geëindig het.

Belangrike datums

Laaste dag van verhandeling ten einde vir die tussendividend te kwalifiseer	Vrydag, 7 Januarie 2005
Verhandelinge op of na hierdie datum sal met uitsluiting van die tussendividend wees	Maandag, 10 Januarie 2005
Rekorddatum	Vrydag, 14 Januarie 2005
Betaaldatum	Maandag, 7 Januarie 2005

Aandeelhouers mag nie in die periode van Maandag, 10 Januarie 2005, tot Vrydag, 14 Januarie 2005, beide datums ingesluit, hulle aandeelsertifikate dematerialiseer/rematerialiseer nie.

Aandeelhouers wat op die betaaldatum steeds gesertifiseerde aandele hou, se dividende sal volgens bestaande opdragte elektronies oorbetaal word in hul bankrekeninge of anders sal tjeks na hulle geregistreerde adresse gepos word.

Dividende ten opsigte van gedematerialiseerde aandele word gekrediteer na aandeelhouers se rekeninge by hul Sentrale Effektebewaardeelnemer (CSDP) of makelaar.

Geteken namens die raad van direkteure.

Johann Rupert — *Voorsitter*

Thys Visser — *Hoofuitvoerende beampte/Ondervoorsitter*

Stellenbosch
26 November 2004

INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

	Aantekeninge	Aandele gehou miljoen	Sekuriteite-beurs-sluitings-prys	£'m	Wisselkoers	30 September 2004 R'm	31 Maart 2004 R'm
Tabakbelange							
R&R Holdings				**1 933.6**	**11.7170**	**22 656**	23 517
– BAT-gewone aandele		**201.4**	**801**	**1 613.6**			
– BAT-dividende ontvang				**25.6**			
– Ander netto bates	1			**294.4**			
Finansiële dienste							
FirstRand		**520.7**	**1 212**			**6 311**	5 113
RAB Beherend		**274.1**	**1 879**			**5 151**	4 087
Absa Groep		**61.4**	**6 510**			**3 996**	2 863
Sage Groep		**65.0**	**153**			**100**	111
Sagecor						**22**	11
Nywerheidsbelange							
Medi-Clinic Korporasie		**178.6**	**1 301**			**2 323**	2 143
Unilever Bestfoods Robertsons						**1 864**	1 754
Nampak		**86.8**	**1 410**			**1 224**	1 150
Total South Africa						**1 217**	933
Distell Groep		**58.7**	**1 910**			**1 121**	909
Transvaal Suiker						**1 066**	1 073
Rainbow Chicken		**172.8**	**610**			**1 054**	942
Air Products South Africa						**554**	605
Dorbyl		**14.1**	**2 400**			**337**	260
Wispeco						**303**	268
Henkel South Africa						**80**	75
Caxton		**7.8**	**880**			**69**	69
Mynbelange							
Impala		**3.3**	**51 900**			**1 731**	1 720
Trans Hex Groep		**30.2**	**2 220**			**671**	823
Gencor		**38.0**	**16**			**6**	5
Ander belange							
Diverse beleggings en lenings						**73**	72
Ander netto bates						**145**	98
Kontant by die kern	2					**1 407**	2 150
Intrinsieke netto batewaarde						**53 481**	50 751
Uitgereikte aandele na aftrekking van tesourie-aandele (miljoen)						**496.2**	501.3
INTRINSIEKE WAARDE PER AANDEEL						**R107.77**	**R101.23**
– voor inagname van enige moontlike belasting op kapitaalwins							

Aantekeninge

1. Hoofsaaklik Remgro se deel van die BAT-voorkeuraandele.
2. Kontant by die kern sluit uit kontant gehou deur filiale en geassosieerdes, wat afsonderlik hierbo waardeer is.
3. Die genoteerde beleggings word teen beurspryse en ongenoteerde beleggings teen direkteurswaardasies aangetoon.

DIREKSIE

Nie-uitvoerende direkteure

Johann Rupert (*Voorsitter*)
P E Beyers
G D de Jager *
J W Dreyer
P K Harris *
E de la H Hertzog
E Molobi *
J F Mouton *
D Prins *
F Robertson *
(* *Onafhanklik*)

Uitvoerende direkteure

M H Visser (*Hoofuitvoerende beampte/Ondervoorsitter*)
W E Bührmann
D M Falck
J A Preller (Mev)
T van Wyk

Uittrede

Mnr P G Steyn het op 25 Augustus 2004 as direkteur uitgetree.

MAATSKAPPY-INLIGTING

Sekretaris

M Lubbe (Mev)

Notering

JSE Sekuriteitebeurs Suid-Afrika
Sektor: Finansieel – Beleggingsmaatskappye

American depositary receipt (ADR) program

Cusip nommer 75956M107 ADR tot gewone aandeel 1 : 1

Depositaris

The Bank of New York, 101 Barclay Street
New York NY 10286

Sake-adres en geregistreerde kantoor

Carpe Diem Kantoorgebou, Quantumstraat
Tegnopark, Stellenbosch 7600
(Posbus 456, Stellenbosch 7599)

Oordragsekretarisse

Computershare Investor Services 2004 (Edms) Beperk
Marshallstraat 70, Johannesburg 2001
(Posbus 61051, Marshalltown 2107)

Ouditeure

PricewaterhouseCoopers Ing.
Stellenbosch

Borg

Rand Aksepbank ('n Deel van FirstRand Bank Beperk)
Korporatiewe Finansiering

Webwerf

www.remgro.com

GRAPHICOR 32062